DOPPERTJIE

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK STRAND

No. 36 **19 September**

Sing:

- Psalm 18:1,14 (1936)
- Lied 199:1,3

Votum

Seën

Lofsang : Psalm 33:1,11 (1936)
Lied 188:1,3

Geloofsbelydenis : 12 Artikels

Gebed

God se wil : 1 Joh 2:12-17

Sing : SB 2-4:1,3

Skriflesing & prediking

Teks : Daniël 5:1-6; 17-31

Gebed

Sing : Lied 503:1,2,3

Wegstuurseën

KERKINLIGTING

Predikant	Dinant Zwemstra	dinant@gkstrand.co.za	083 601 8986
Kantoor	Ian Strauss	admin@gkstrand.co.za	021 854 4584
Kantoorure	Maandag-Donderdag	08:00 – 13:00	
Webwerf	Karen Versteegh	www.gkstrand.co.za	
Facebook	www.facebook.com/groups/strandgk	**Eredienste op Internet:**	
Eredienstye	09:00 (oggend-somer) 18:30 (aand)	http://kerkdienstgemist.nl	
	09:30 (oggend-winter) 18:30 (aand)		
Skriba	Ian Strauss	admin@gkstrand.co.za	021 854 4584
Redakteur	Thys Ebersohn	doppertjie@gkstrand.co.za	081 784 1904
Diakonie	Danie Olivier	diakonie@gkstrand.co.za	082 588 0770

KERKRAAD AAN DIENS

Vandag **26 September**

Ouderlinge

Friedl van der Merwe

Ouderlinge

Bernard Mostert

Diakens

Tiaan Coetzee, Aletta J van Vuuren,

Elbè van der Merwe

Diakens

Lourens Erasmus, Lelanie Langford

DAGBOEK

Maandag, 20 September

19:00 Finansiële vergadering

Dinsdag, 21 September

19:00 Evengelisasie vergadering

Woensdag, 22 September

09:00 Bybelstudie

19:00 Oordenking

op YouTube en Kerkdienstgemist

19:00 Breë Kerkraadsvergadering

Sondag, 26 September

09:00 erediens in kerkgebou

en op YouTube en Kerkdienstgemist

OFFERGAWES

Vandag

Diens: Plaaslike Bediening

Deure: Emeritus-medies (Boland)

26 September

Diens: Barmhartigheidsdiens

Deure: Sustentasiefonds

Snap here to pay

SnapScan

PREEKSKETS

Die skrif teen die muur

Teks: Daniël 5:1-6; 17-31

Die boek Daniël leer ons hoe ons moet lewe in ’n sekulêre wêreld. Daniël en sy vriende lewe in Babilon, die kultuur, die godsdiens, alles is anders as waaraan hul gewoond was, en hulle moes funksioneer in ’n samelewing wat geglo het in baie waarhede, en baie moraliteite en almal is ewe geldig.

Die gelowiges moes dus leer om in so ’n samelewing te bly glo in God. Daniël 1 en 2 gaan dan oor ’n jonger Daniel, maar die gedeelte wat ons vandag lees vertel van Daniël toe hy nou al ’n ou man was. Hy dien nou onder ’n ander koning as in Daniël 1.

Dis eintlik baie interessant om te dink hoeveel van die Bybelverhale deel geword het van ons taal en idiome. ‘Die kalf is in die put’ beteken iets is dringend. “Soos manna in die woestyn” beteken ’n welkome uitkoms. Vandag het ons ook een “die skrif is teen die muur” wat beteken die uitkoms is onveranderbaar.

“Voete van klei” kom ook uit Daniël uit, en beteken mense is feilbaar.

Goed, vandag is daar verskillende dele van die verhaal:

1. Die partytjie
2. Daniël, die pretbederwer
3. Die vingers van God en die skrif teen die muur

KUIER-BY-MEKAAR

Liewe gemeente

Nadat die gebedsweek so geseënd was, het ons gedink om hierdie aflos-stokkie idee verder te vat.

Soos u weet, wil ons graag ‘n kuier-aksie van stapel stuur om ons gemeente se mense weer bymekaar uit te bring.

Covid het veroorsaak dat baie mense geisoleer voel, of sommer net ander gemeentelede mis. Ons het ook baie nuwe gemeentelede wat dalk nog nie Strand-gemeente se gasvryheid en liefde kon ervaar nie.

Ons het gedink dit sal goed werk as almal wat geroepe voel, ‘n persoon of gesin sal nooi vir ‘n besoek, of dalk ‘n besoek gaan aflê by iemand.

Dit kan in die vorm van ‘n koffie-, tee- of ete-uitnodiging wees, en hoef dus nie iets groot te wees nie.

Indien julle nie gemaklik voel om in hierdie tyd mense in jul huise te ontvang of by mense te gaan kuier nie, maak dan ‘n plan om iewers buite te ontmoet. Wees kreatief!!

Daarna word die aflos-stokkie dan aangegee na die genooides, wat weer op hulle beurt iemand kan nooi of gaan besoek.

Verder is dit belangrik dat jy na iemand uitreik wat jy nog nie goed ken, of dalk nog glad nie ken nie.

Indien jy graag wil help dat ons hierdie projek aan die gang kan kry, kontak asseblief vir Sanet by 082 381 8854.

VERJAARSDAE

Sondag, 19 September
Elaine Nel
072 861 8626

Carel Zwemstra
083 601 8986

Maandag, 20 September
Jana D'Oliviera
081 439 9297

Hans Handt
076 770 3476

Dinsdag, 21 September
Tjaart Venter
071 646 3559

Kobus Erasmus
071 518 6994

Jacobus Mertz
072 650 2621

Donderdag, 23 September
Gerrit Brand
061 432 2062

Fanie van Rensburg
082 353 5044

Saterdag, 25 September
Christine Drotskie
082 454 2377

Marius Wantenaar
084 978 4206

Ons wens almal die seën van die Here toe op die nuwe lewensjaar.
Veels geluk!

TEESKINK

Vandag

Vrywilligers

26 September

Vrywilligers

LIEF & LEED

- Erika Versteegh se broer is aan Covid-19 oorlede.
- Bid asseblief vir Co & Arend Streutker wie se gesondheid nie na wense is nie.
- Marieta Aston is terug by Huis PAM Brink en dit gaan baie beter met haar.

KENMEKAAR

GEORGE & MAGGIE THOM

Toe Elbé my vra om iets te se oor ons lewe, sou ek eerste wou sê: Onthou, oudword is nie vir sissies nie!

Ek en George het as jong mense op Kroonstad by die Hoer Landbouskool ontmoet. Ek het daar gewerk en in die koshuis gebly. In my 2de jaar het George 'n pos daar gekry en ook in die koshuis kom bly. Toe bel ek my Ma om te sê dat die nuwe jaar goed begin het. Daar het ‘n onderwyseres en 2 onderwysers begin wat ook in die koshuis kom bly.

My woorde aan my Ma was: Hulle Iyk baie vriendelik - veral die een wat kom Wiskunde gee – mooi en met goeie maniere, net jammer hy het rooi hare!
Dit is met hierdie man wat ek 3 jaar later getroud is!

Dit is nou amper 55 jaar later en die beste jare van ons lewe - wat 'n voorreg.

Ons het 2 seuns. Die een is ‘n Stads-en-Streeksbeplanner en woon in Kaapstad. Hy en sy vrou het 'n dogter en tweeling seuns.

Die ander een het na sy studies by Price - Waterhouse in Kaapstad gewerk. Na 'n paar jaar is hy oorgeplaas na die tak by San Francisco. Hy is met 'n meisie van Texas getroud en het 3 dogtertjies. Hy bly al 21 jaar in Amerika en nou mis ons die oor-en-weer-kuier!

Ons het baie in ons lewe getrek, baie gawe en interessante mense ontmoet en verskeie omgewings leer ken. Danksy medegelowiges, het ons altyd gou tuis gevoel in ons nuwe omgewinngs.

George was met sy aftrede in 1994, inspekteur van onderwys vir Bruin mense, met standplaas Riversdal. Ons het toe na Glentana en later Groot-Brakrivier verhuis en die omgewing terdeë geniet.

Ons het toe op Gordonsbaai kom woon om so 'n bietjie nader aan die kinders te wees en soms ‘n bietjie hand by te sit, veral toe die tweeling klein was. Weens veiligheidsoorwegings trek ons na Greenways. Ons verlaat ook die N.G.Kerk en skakel in by die Geref. Kerk Strand, waar ons reeds dikwels die eredienste as besoekers bygewoon het. Dit is ons voorreg en ons is baie gelukkig hier waar die medegelowiges ons laat voel en waar Ds. Dinant se boodskappe ons diep raak. Dank aan ons Hernelse Vader vir hom en sy gesin se teenwoordigheid hier.

Ons sien met verlange uit na die dag as alles weer norrnaal is, en ons Sondae weer almal saam in die kerk kan wees.

KOSKOMBUIS HERVAT!

Met die verlaging van Covid risiko vlakke, dink ek dit is hoogtyd dat ons weer saamstaan en KOOK! Woensdag, 6 Oktober, sal daar DV kos gemaak/gemeng word in die kerk se kombuis vanaf 10:00.

Dit sal egter nie kan gebeur sonder bydraes nie. Ons soek oorskietkos, rys, groente, bone, lensies en soja. Alles gaar en koud asseblief. Ons meng dan alles en skep dit in bakke wat gevries en mettertyd uitgedeel word.

Byvoorbaat dankie aan elkeen wat kos gaan bring en elkeen wat gaan kom help skep.

EREDIENS BYWONING:COVID-19

Die president het verlede Sondag aangekondig dat ons na vlak 2 van inperking beweeg en dit behels onder meer dat meer mense eredienste mag bywoon. Die beperking is nou 'n maksimum van 250 mense binnenshuis of dan 50 % van kapasiteit. In ons geval beteken dit dat maksimum 170 mense die diens op Sondae mag bywoon.

Die katkisasie sal ook dan nou weer by die kerkgebou kan geskied, na die erediens soos normaal.

Aangesien katkisasie hervat in die kerkgebou, sal ons teedrink ook hervat. Ons vra dat vrywilligers vandag die tee en koffie sal skink.

Ter wille van goeie orde vra ons gemeentelede ook om steeds te bespreek vir die bywoning van eredienste deur die skakel te volg:
https://docs.google.com/spreadsheets/d/1Yb6EHafSeDKSlVGKbwDVdA20PhAtXgmZfjrSFssxYak/edit?usp=sharing

Die dra van maskers, sanitering van hande, die handhaaf van fisisiese afstand en alle ander protokolle bly egter van krag.

NUWE-AFRIKAANSE BYBELS

Die 2020 Afrikaanse vertaling van die Bybel is verlede jaar bekend gestel. Aanvanklik was net die gewone druk beskikbaar, maar van middel September af sal die grootdruk ook beskikbaar wees.

Die Bybels kan aanlyn bestel word by die Bybelgenootskap of by die kerkkantoor.

BESKRYWING	**PRYS**
AFR 2020 volledig, **medium**, swart hardeband	R109
AFR 2020 volledig, **medium**, luukse bruin verwerkte leeromslag, goud-op-snee, duimindeks	R329
AFR 2020 volledig, hoofletteruitgawe, **mediumgrootte**, swart hardeband	R109
AFR 2020 volledig, hoofletteruitgawe, **mediumgrootte**, luukse bruin verwerkte leeromslag, goud-op-snee, duimindeks	R329
AFR 2020 volledig met Deuterokanonieke boeke, **mediumgrootte**, volkleur hardeband	R229
AFRIKAANS 2020 volledige Bybel met Deuterokanonieke boeke, **mediumgrootte**, luukse bruin verwerkte leeromslag, goud-op-snee, duimindeks	R389
AFRIKAANS 2020 volledige Bybel, **grootdruk**, swart hardeband	R349
AFRIKAANS 2020 volledige Bybel, **grootdruk**, luukse bruin verwerkte leeromslag, goud-op-snee, duimindeks	R499

HUISBESOEKBRIEF

WANDEL MET GOD

"Om te wandel" beteken oorspronklik "om sonder aanduiding van rigting te beweeg".

Toegepas het dit die betekenis ontwikkel van jou alledaagse lewe. Ons praat daarom ook van "lewenswandel" of "Sy handel en wandel".

“Wandel met God” beteken dus dat 'n mens se alledaagse wandel aan God gekoppel is.

Jou lewenspatroon word bepaal deur God se teenwoordigheid in jou lewe.

Dit beteken eerstens dat God in die midde van sy volk (en daarom elke gelowige) is (vgl Eks.33:14).

Ook in Openbaring 2:1 word genoem dat Jesus tussen die sewe goue kandelare (simboliek van Sy kerk) wandel.

Christus het immers mens geword en onder die mense kom woon. Hy het "God by ons" geword.

Van God word ook gesê dat Hy voor sy kinders wandel. (Eksodus 13:21 - In vuur- en wolkkolom).

Vervolg op volgende bladsy....

....vervolg van vorige bladsy

Die gelowige moet van sy kant af met God wandel. Dit behels dat hy sal lewe in die bewustheid van God se teenwoordigheid. Hy moet God volg en sy gebooie gehoorsaam. (2J oh.1:6) Liefde beteken dat ons in sy gebooie sal "Wandel".

Ons hele lewe (lewenswandel) moet dus in verantwoordelikheid teenoor Hom wees. Ons moet naby aan Hom lewe en doen wat Hy van ons verwag om te doen.

Dit geld vir alles in ons lewe. Omdat dit so omvattende tema is, kan ons 'n paar dieptesnitte maak.

- Ons binnekamer verhouding met God
- Ons praktiese verhouding met God – hoe vloei ons binnekamer-verhouding na buite?

VRAE:

- *Hoe ervaar en lyk die lidmaat se 'wandel met God'?*
- *Watter hindernisse is daar wat 'wandel met God' moeilik maak?*

INSKRYWINGS NOU OOP—MOENIE UITMIS NIE

Goeie Nuus!

Hoop vir Kinders SA
STRAND
Kinder– en Skolebediening
Toerusting Sertifikaat vir Fasiliteerders
15-17 Oktober 2021 na-ure
Begin: Vrydag 17.00-21.00 / Sat. 08.30-16.00 Son 11.00-16.00
NG Kerk Lourensrivier-Strand
H/v Broadway & Da Gama
Alle Kerke en Instansies welkom!
Inskrywings: Karin 083 643 0653

Die Evangelie van Jesus Christus helder en duidelik aan elke kind van hierdie geslag!
Dit is elke kind se reg en God se liefdevolle opdrag aan ons.

ONDERSTEUN ONS LIDMATE!

Gekwalifiseerde versorger beskikbaar Maandae tot Vrydae 08:00 - 16:00
Sandra
079 885 4623
vvvvvvvvvvv

Algemene konstruksie- en bouwerk. Kontak Coen Brah 064 905 5470.
vvvvvvvvvvv

Avroy Shlain Skoonheidsprodukte
Sanet Grönum
082 381 8854
vvvvvvvvvvv

Ek verskaf, en is 'n invoerder van mediese toerusting en gebruiksitems. Kontak ***Erica Versteegh*** ***by 021 856 3714 of erica@erimed.co.za***
vvvvvvvvvvv

Vir rommel- en vullisverwydering, of vervoer van meubels, kontak: ***Fanie Maritz***
0730228060
vvvvvvvvvvv

Vir die eko-vriendelike was van vensters tuis of besighede, kontak
Godfrey Korb
076 046 2666.
vvvvvvvvvvv
Gekwalifiseerde versorger beskikbaar Shepherd 061 852 0429

Kontak ***Miriam Barnard*** *vir natuurlike gesondheids-produkte, Sportron Ascendis en handgemaakte produkte bv. tafelmatjies, inkopiesakke ens.*
083 744 6886

vvvvvvvvvvv

Vir beter kennis oor grondgeskiktheid en doeltreffende besproeiing in jou tuin, kontak gerus vir ***Giel Streuderst*** ***MSc. (Agric.) by 082 388 0064.***

vvvvvvvvvvv

Kom leer om jou eie Tiffany lampe te maak asook vensters en deure! Kontak ***Jetty Salomons*** ***op 082 320 6577 of 021 856 0736.***

vvvvvvvvvvv
Bioway MULTI Insect and Dustmite KILLER maak alle koudbloedige insekte, larwes en eiers dood !
Natuurlike produk, Veilig vir mense en troeteldiere.
Salome Kruger
072 591 2667
vvvvvvvvvvv
Gratis finansiele dienste , gratis testamente , besparing op maandelikse versekerings uitgawes asook die beskerming van fondse. Skakel vir Jannie Grimbeek 082 882 3638 of epos jannie@dfmutual.co.za

Kontak gerus vir ***Hermie*** *as jy 'n ou teddiebeer wil laat regdokter*
083 300 8999

vvvvvvvvvvv

Vir Aluminiumgeute en afvoerpype skakel vir
Hugh of Hermie Michler
083 300 8999

vvvvvvvvvvv

Vir enige elektriese herstelwerk of installasies, kontak ***Mossie Mostert***
072 910 8244

vvvvvvvvvvv

Kontak Gerrit Earle vir enige staal- en sweiswerk en die oprig van Wendy-huise. Hy kan ook klein vragte vervoer.
Kontak Gerrit by
073 654 4345

vvvvvvvvvvv

Vermy enkelgebruik plastiek items. Kontak my vir Eko-vriendelike produkte: Herbruikbare Katoen Groentesakkies en Inkopiesakke, asook Bamboes Tandeborsels en Bamboes Strooitjies ens.
Karen Versteegh
0827676833 of besoek https://hug-tree.co.za/

vvvvvvvvvvv

Stringligte te huur, skakel die Kerkkantoor
021 854 4584